

WIE, WAT, EN WAAR

JH LIGTHELM – GOK

Williston

Williston, 'n dorpie geleë in Noordwes-Kaapland, het in 1845 ontstaan as 'n Rynse sendingstasie genoem Amandelboom.

Kerk

In Augustus 1977 is die N.G. Kerk tot Nasionale Monument verklaar. Daar is slegs **elf** van hierdie klipkerke in ons land. (Hierdie kerk is in 1912 gebou.)

Korbeelhuis

Etlike korbeelhuse word gevind in die Williston gebied. Die huise is ongeveer 200 jaar oud en sover bekend is die huise deur die familie Esterhuizen gebou.

Die korbeelhuse is geheel en al van klip gepak; vanaf muurhoogte steek die klippe laag vir laag oor die ander om uiteindelik 'n dak te vorm; vandaar die uitdrukking korbeel wat 'n boukundige benaming vir oorsteek is.

By Arbeidersfontein wat aan mnr H Esterhuizen behoort, is 'n korbeelhuis wat as historiese monument verklaar is, te sien. Op die plaas is ook 'n dam te sien wat gebou is deur die grond met 'n beesvel aan te dra.

Ou veekrale wat met klip gepak is, is ook nog daar te sien.

Ou kerkie

Die eerste kerk van Williston bestaan nog en is die enigste in sy soort waar blank en nie-blank saam op die kerkraad gedien het. Die gebou het aan die Rynse sending behoort en die basters onder wie die sending gewerk het, het die blankes die reg gegee om die kerk te gebruik.

Later het die N.G. Kerk die gebou oorgeneem en op hulle beurt weer die basters toegelaat om die kerk te gebruik. Die kerkie is in Kerkstraat te sien.

Mikro

Christoffel Hermanus Kühn is 1903 op Van Reenensplaas in die distrik Williston gebore. Vroeg reeds begin hy skryf en een van sy bekendste werke nl. Toiings verskyn onder sy skuilnaam Mikro. Daar het 100 boeke uit sy pen verskyn. Hy het baie pryse gewen. Van die pryse is die Hertzogprys, die W.A. Hofmeyrprys en die Scheepersprys. "Hy koop toe vir hom 'n pen" is sy outobiografie wat op sy versoek na sy dood verskyn het.



Voorbeeld van 'n Korbeelhuis

History is but a pack of tricks we play on the dead. (Voltaire)

* * *

We get our ethics from our history and judge our history by our ethics. (Troeltsch)

* * *

History is little more than the crimes, follies and misfortunes of mankind. (Gibbon)

* * *

It is a reproach of historians that they have too often turned history into a mere record of the butchery of men by their fellow men. (Green)